Inleiding Tot Dissipelskap

Reuven & Yanit Ross

Bestellings: (013) 656-4323

www.making-disciples.net

Vertaal deur Beninca Francke
Taalversorg deur Carina C. Francke

INHOUDSOPGAWE

Bekendstelling van Reuven en Yanit …….. 3

Verduideliking van die *Gaan heen en maak Dissipels* Handleiding …… 5

Vermy Verwarring …… 8

Ek? Dissipels Maak? …….. 9

Word Geestelike Vaders …… 13

Dissipeleer die Volgende Generasie/Geslag …….. 16

Die Krag van “Sharing”/Meedeling …… 22

Getuienisse van Dissipelmakers …… 23

Wat om te verwag ……. 27

Vrae en Antwoorde ……..29

Bekendstelling van Reuven en Yanit

Liewe mededissipel en dissipelmaker,

Met die aanvanklike uiteensetting van ons handleiding oor die maak van dissipels, het ons primêr gefokus op die inhoud van die sessies. Ons het later besef dat ons nie genoegsaam verduidelik het hoe om die handleidings te gebruik nie. Hierdie boekie is bedoel om die situasie reg te stel. Hierin sal jy leiding vind hoe om ouerskap te beoefen teenoor ander mense wat ook in 'n verhouding met God staan, instruksies vir die gebruik van die dissipelskapmateriaal, asook getuienisse van diegene wat jou voorgegaan het in hierdie bediening.

Ons besef dat jy baie min van ons weet, veral as ons nie die voorreg gehad het om jou persoonlik te ontmoet nie. Ons begin hierdie boekie met sekere persoonlike inligting sodat jy meer te wete kan kom oor ons agtergrond in die area van dissipelering.

Reuven het sy dissipelskapopleiding in 1980 begin onder leiding van pastoor Dale Crall, wat in daardie stadium deel was van die personeel van die *First Assembly of God* in Rockford, Illinois. Reuven en vier ander mans het byeengekom om vir 18 maande deur Dale in die Skrif onderrig te word. As gevolg van hul werksverpligtinge, kon die mans net op 'n Woensdagoggend, 5h30 ontmoet.

Gedurende daardie maande saam, het hulle gegroei in hul kennis rondom God en Sy Woord, en het hul ook begrip en waardering vir mekaar ontwikkel. Hulle het mekaar bygestaan in geestelike groei en was verantwoordelik teenoor mekaar. Hulle het as studiemateriaal die Navigators Bybelstudiereeks getiteld, *"Design for Discipleship" gebruik…*

Reuven het in 1982 na Jerusalem, Israel verhuis, en daar het hy dissipelskapgroepe vir mans in die lewe geroep.

Yanit (nèe Janet McElroy) was primêr deur haar ouers, wat in Waco, Texas bedien het, gedissipeleer, asook deur verskeie jeugleiers en bedieningswerkers. Haar studies by Oral Roberts Universiteit in die laat 1970's het bygedra tot sekere van haar opleiding vir die bediening. Yanit het in 1981 na Suid-Afrika verhuis om as 'n gesinsberader en jeugwerker diens te doen. Hier het sy as jeugpastoor in twee gemeentes verskeie tieners en jong volwassenes gedissipeleer. Tydens 'n bedieningstoer na Suid-Afrika gedurende 1988, ontmoet Reuven vir Yanit in Pretoria en binne twee maande het hulle verloof geraak. Hulle troue en onthaal was in Waco, en was geseën met drie addisionele huweliksonthale net daarna – twee in Suid-Afrika en een in Israel. Hulle begin hul bedieningslewe saam en tree as pastors en dissipeleerders vir tieners en enkellopende gelowiges in Jerusalem op.

Die Rosse woon sedert 1994 in Haifa, Israel. Terwyl hulle vir 'n tydperk die Karmelgemeente bedien het, sien hulle dissipelskaphandleidings die eerste lig. Hulle het begin met 'n reeks leringe wat daarop gerig was om die vuur van dissipelering onder leiers en ouer gelowiges weer aan die brand te steek - die handleiding getiteld *Gaan heen en maak dissipels*. Toe hulle later die behoefte aan verdere dissipelskapmateriaal raaksien, het hulle handleidings ontwikkel. Hulle maak gebruik van die dieselfde materiaal as wat Jesus gebruik het toe hy sy eie mense gedissipeleer het, naamlik die ***Bergpredikasie*** **(Matteus 5-7)**. Die uitkoms was *Die maak van 'n dissipel* en *Die leefstyl van 'n dissipel.*

Die eerste dissipelskaphandleiding, *Gaan heen en maak dissipels* (leier en studente weergawe), is nou in druk beskikbaar in Engels, Hebreeus, Russies en Frans. Dit is vertaal of word vertaal in sewe ander tale. Hierdie handleiding bestaan uit tien onderrigsessies met ooreenstemmende persoonlike studie oefeninge. Dit dek die opdragte van Jesus, gee karaktereienskappe van dissipels, en verduidelik ware dissipelskap.

Die primêre doel van hierdie dissipelskapreeks is om God se visie vir dissipelering in ons tyd mee te deel of te herstel.

Die Maak van 'n Dissipel ('n studie van **Matteus 5** – die karakter van die koninkryk van God) is in druk beskikbaar in Engels, Hebreeus en Russies. Deur primêr te kyk na die karakter van 'n dissipel van Jesus, bevat hierdie handleiding 19 sessies wat verduidelik wat God verwag van Sy verbondskinders wat passievol na Hom op soek is. Dit is beskikbaar in 'n leier-en studentweergawe.

Die Leefstyl van 'n Dissipel ('n Studie van **Matteus 6-7** – die lewenswyse binne die koninkryk van God) vir leiers en studente is in druk beskikbaar in Engels en sal binnekort in Hebreeus beskikbaar wees. Dit is tans besig om in Russies vertaal te word. Hierdie handleiding bestaan ook uit 19 sessies en handel oor God se geregtigheid wat uitgeleef en "gewandel" word in menslike lewens.

Reuven en Yanit is steeds deel van *Carmel Assembly* en *Or HaCarmel (Light on the Carmel) Ministry Center on Mount Carmel*. Hulle bedien die Woord plaaslik, nasionaal en internasionaal. Hulle het 'n spesiale waardering vir gelowiges wat enkellopend of wéer enkellopend is. By geleentheid bedien hulle hierdie groep vanuit hul eie belewenisse en insig in die Woord. Alhoewel hulle onderrig gee in 'n verskeidenheid temas van God se Woord, is hul primêre fokus op onderrig en bediening in die area van strategiese, intensionele dissipelering.

Verduideliking van die *"Gaan Heen en Maak Dissipels Handleiding"*

Ons almal maak dissipels terwyl ons deur die lewe stap, of hulle nou dissipels van onsself, of van ons waardes en geloof in die algemeen, of van Jesus Christus is. Mense beïnvloed mense. God het ons almal geroep om mense te motiveer en op te lei om Sy dissipels te wees! Ons kan dit lukraak doen met minder effektiwiteit, of ons kan dit strategies beplan om die opdrag uit te voer. Ons glo dat 'n strategie wat werk, die beste gebruik van ons beperkte tyd hier op aarde is. Daarom motiveer ons jou om God vurig te soek met die oog op wie Hy wil hê jy moet beïnvloed vir sy Koninkryk. Deel dan dié dissiplines wat deur die Heilige Gees in jou lewe gevestig is, mee in ander se lewens.

2 Timoteus 2:1-2 sê, *"Jy dan, my seun, wees sterk deur die genade wat ons in Christus Jesus het. Wat jy my voor baie getuies hoor verkondig het, moet jy toevertrou aan betroubare manne wat bekwaam sal wees om dit ook aan ander te leer."*

Ons kan niks uit ons self doen nie; ons gee en leef volgens God se genade in ons lewens. Daarom, *wees sterk in Sy krag!* Maak seker dat jy kwaliteit tyd in God se teenwoordigheid spandeer deur aanbidding en Bybelstudie. Hou jou gemeenskap met Hom aktief deur dadelik jou sonde te bely en vergifnis te ontvang. Vergewe ander vinnig wanneer hulle jou te na kom. Maak dit jou doelwit om in vrede met God en alle mense te leef. **(Romeine 12:18)** Aanbid saam met ander wanneer jy kan; gebruik Nagmaal wanneer dit beskikbaar is. Dit is alles maniere waarop ons deel kan hê in God se genade.

As ontvangers van Sy genade moet ons dit ook beskikbaar stel aan ander. Leer dit aan diegene wat God aan jou toevertrou, en leef dit uit. Jou kennis en ervaring van God is 'n goeie wegspringblok! Leer aan ander die dinge wat jy ontvang het deur geïnspireerde lering en openbarings van die Heilige Gees terwyl jy die Woord bestudeer het. Jy sal jouself dalk moet losmaak van onnodige verpligtinge en struikelblokke sodat jy genoegsaam geleentheid kan hê om dít te doen waarvoor God jou geroep het.

Om 'n dissipelgroep op die been te bring

Bid oor die mense wie in jou dissipelgroep betrokke moet wees. Jesus het die hele nag in gebed spandeer voordat Hy Sy dissipels en toekomstige apostels gekies het. Dit is belangrik wie in jou groep is, aangesien hulle van mekaar sal leer (sowel as van jou) en daaruit moontlik langdurige verhoudings kan ontwikkel.

Ons stel voor dat jy slegs mense kies wat van **dieselfde geslag** as jy is. Jesus het manne gekies in wie Hy sy lewe en lering kon deelagtig maak; mans sal meer geneig wees om openlik te deel indien net mans teenwoordig is, netso sal vrouens ook vrylik met ander vrouens kan deel. Hierdie dissipelgroep is nie 'n Bybelstudie-/gebedsgroep waarheen enigiemand kan kom nie; dit is 'n *geslote groep* (geen besoekers is welkom nie). In hierdie opset word vertroue gebou, en diegene in die groep word uitgedaag en gehelp om soos die Meester te word.

Wanneer jy iemand nader om deel van die groep te word, deel met hom/haar dat jy 'n dissipelgroep begin met die doel om dieper in God te groei en meer soos Hy te word. Meld ook wanneer die groep bymekaar gaan kom ('n tyd wat die groep die beste sal pas) en wat verwag sal word. Moet dit nie aanbied as 'n vervelige Bybelstudie nie! Maak seker dat jy kommunikeer, dat dit 'n interaktiewe tyd sal wees waarin julle almal saam sal groei as God se dissipels.

Die byeenkoms sal bestaan uit gebed, Bybelonderrig, studie-aktiwiteite, geheueverse uit die Skrif, en 'n tyd waar julle met mekaar gaan deel. Hulle moet 'n Bybel, notaboek en pen, en 'n studentehandleiding, saambring. (Sommige groepe gebruik die leiers handleiding vir almal, veral as diegene in die groep self goeie leraars is en self beplan om later die materiaal aan te bied.)

Voorbereiding van Les Een

1. Vra die Heilige Gees om jou te leer terwyl jy die inleiding, voorwoord en eerste les bestudeer. Lees dan hierdie materiaal deur, sonder om te stop. Moenie na detail kyk nie; maar kry eerder 'n oorsig en laat toe dat die Heilige Gees jou leer.

2. Lees weer deur die les en bid tot die Heilige Gees om die belangrikste dele uit te wys waarop jy klem moet lê. Voeg enige relevante Skrifte by wat God jou gee en wat nie in die materiaal ingesluit is nie. Teken persoonlike opmerkings, illustrasies of ervarings wat jy kan deel om die lering "joune" te maak aan.

3. As dit sal help, lees die les hardop deur met al die ekstra notas en illustrasies wat jy bygevoeg het.

4. Bid dat God jou en die materiaal sal salf sodat jou groep maklik Sy Woord deur jou sal ontvang en verstaan.

Die Begin Van Jou Eerste Klas

1. Stel jouself bekend en probeer om binne 'n 5-6 minute periode te bly.
   As riglyn kan jy vrae soos die volgende gebruik:
   - Waar het jy grootgeword?
   - Wanneer het jy tot bekering gekom?
   - Wat doen jy nou met jou lewe? (familie, roeping, bediening, ens.)
   - Hoekom is jy in hierdie dissipelgroep?

   As jy hierdie vrae oor jouself beantwoord voordat die ander geleentheid kry, gee jy nie net slegs inligting oor jouself nie, maar modeleer jy ook die lengte en diepte van die tyd wat jy van hulle verwag.

2. Nooi diegene in jou groep om hulleself op dieselfde manier bekend te stel. Beweeg kloksgewys, aangesien dit minder senutergend sal wees as wanneer jy hulle lukraak vra. Stel elkeen gerus nadat hulle gedeel het, en bedank hom/haar vir sy/haar bydra.

3. Stel die dissipelskapmateriaal wat jy gebruik aan hulle bekend. Gee 'n algemene oorsig en deel hulle studentehandleidings uit. Bid tydens die kursus as 'n groep saam dat God se doel bereik sal word in elkeen se lewe en ook binne die groep. Bid dat elkeen 'n visie sal ontvang om dissipels te maak.

4. Nou is jy gereed om te begin onderrig.

Om 'n Groep Effektief te Fasiliteer

- Fokus op diegene wat teruggetrokke is en maak dié wat baie praat stil. Maak dit maklik vir almal om deel te neem.
- Moedig openheid en verantwoordbaarheid aan.
- Beoefen goeie luistervermoë en oogkontak.
- Beklemtoon vertroulikheid binne die groep.
- Let op wanneer daar nood of pyn is wat gebed nodig het en wees sensitief om te weet wanneer dit die beste is om te bid (nóu, of aan die einde van die klas). Wees voorbereid om te bid wanneer 'n kwessie opduik in die les en/of gedurende die gesprek.
- Probeer om die klas op tyd af te sluit.

Voorbereiding van die Studente vir die Volgende Week

1. Wys die oefening wat hulle by die huis moet doen uit. Maak seker dat hulle die geheuevers raaksien! Dit is beter om die Skrifte vroegtydig te memoriseer vir die volgende week sodat jy hulle dan net kan aanhaal. Dit wys aan die studente dat jy dieselfde werk doen as hulle - maar vooruit – en hoe maklik dit is om ‘n vers te memoriseer en aan te haal voor die groep!

2. Herinner hulle om te bid vir die visie van dissipelskap.

3. Laat almal in die groep telefoonnommers uitruil. Stel dan voor dat hulle vir mekaar moet bid gedurende die week. Indien die Here ‘n bemoedigende woord aan hulle gee, is die telefoonnommers beskikbaar om die spesifieke persoon te kontak.

4. Maak seker dat almal weet waar en wanneer die volgende week se byeenkoms sal plaasvind, veral as dit verskil van die huidige week.

Vermy Verwarring tydens die Sessies

Dit het onder ons aandag gekom (‘n paar keer!) dat die lesse en oefeninge in ons handleidings nie ooreenstem nie. Ons vra verskoning daarvoor! Die idee is dat jy die eerste les aanbied en dan die studente vra om die eerste oefening met sy memoriseerwerk te doen.

Wanneer die groep die volgende week vir die tweede keer bymekaar kom, moet jy saam met hulle deur hul oefening (Oefening #1) werk en na hulle memoriseerwerk luister. Daarna sal jy les 2 aanbied wat ooreenstem met die huiswerk wat hulle vir daardie dag voorberei het.

Vir die volgende week sal die studente Oefening #2 voorberei, wat jy dan in die groep sal bespreek. Dan sal jy Les 3 aanbied. Die inhoud van die oefeninge en lesings sal ooreenstem, maar die nommers nie. Hulle sal altyd die oefening doen wat een nommer voor die les is wat jy aanbied. In plaas van om die nommers te probeer byeenbring moet jy dit eerder doen met die inhoud!

Wanneer julle bymekaarkom moet jy onthou om te bid, aan die begin, aan die einde of enige ander tyd wat die Heilige Gees jou mag lei! Wanneer jy lering gee wil jy nie net *inlig* nie, maar *meedeel!* Maak dus seker dat die Woord én Lewe van God ***bedien*** word en nie net woordeliks oorgedra word nie.

Maak die lede van jou groep soveel as moontlik betrokke. Laat hulle die vrae lees gedurende die oefening wat bespreek word. As die vrae persoonlik en uitdagend is, moet jy geleentheid gee dat elke lid elke vraag beantwoord.

As die antwoord dieselfde is omdat dit ‘n *“Slaan die Skrif na en skryf_____”* tipe vraag is, dan is dit nie nodig dat elkeen die vraag moet beantwoord nie. Soms sal jy dalk wil vra: *“Het enige iemand ‘n ander antwoord gekry?”* Dit skep ruimte vir ‘n verskeidenheid antwoorde en verbreek die eentonigheid om dieselfde antwoorde te hoor.

Laat die studente deel (*“share”)* terwyl hulle die Skrifte lees. Aangesien jy al die onderrig doen, kan jy hul aandag behou deur hulle die verse te laat lees of opmerkings hier en daar te maak.

Motiveer hulle om die memoriseerverse elke week te memoriseer. Gememoriseerde Skrifte, alhoewel dit skynbaar verouderd is in ons moderne tyd, stel ons in staat om sterk te staan teen versoekings en effektief te wees in geestelike oorlogvoering. Dit is baie kragtig om die Woord te bid. Lees gerus **Psalm 119** vir aansporing om die Woord van God te mediteer en te memoriseer!

‘n Paar wenke om te memoriseer: skryf die vers(e) in jou eie handskrif uit. Dit is makliker om jou eie handskrif te memoriseer as die getikte blaai. Jy sal dalk die Skrifgedeeltes op klein kaartjies wil uitskryf sodat jy dit in jou huis of motor kan opplak waar jy dit gereeld sien. Lees die verse elke dag. Konsentreer teen die einde van die week om 10 minute te spandeer om die verse te memoriseer. Let op na die sleutelwoorde of die manier hoe sekere woorde of frases rym of saamgaan. As jy hierdie verse deel van jou lewe maak, kan jy dit tydens jou daaglikse gebedstyd of in gesprekke baie toepaslik gebruik.

Ek? Dissipels Maak?

'n Dissipel is 'n persoon wat in opleiding is om net soos sy Meester te word. 'n Dissipel onderwerp sy wil aan Jesus en maak Hom die middelpunt van sy lewe. Jesus is sy eerste prioriteit. Hy staak al sy selfsugtige ambisies en hoop op selfverering, en neem sy kruis daagliks op om Hom te volg. Sy lewe is een van oorgawe, om sy/haar lewe vir iemand anders te leef – vir die Messias en Heer.

Maar dit eindig nie daar nie. Alle dissipels is geroep om ander aan Jesus voor te stel en om hulle te help om Sy Heerskappy oor hulle lewens te omhels. In **Matteus 28:18-20** het Jesus gesê: *"Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense My dissipels: doop hulle in die naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het."* Ons moenie net mense leer om God se opdragte te gehoorsaam nie, maar ons moet só lewe dat hulle Sy opdragte, wat deur ons uitgeleef word, in ons lewens kan raaksien.

Die Omskrywing van Dissipelskap

Dissipelskap is *enige* aktiwiteit wat 'n persoon help om in Christus te groei. Dit sluit Bybelstudies in, om in gespesialiseerde areas te mentor, en/of om die dinge van God met mekaar in 'n ontspanne opset te deel. Ons het wel gevind dat die gestruktureerde opset van 'n weeklikse dissipelgroep wat gepaardgaan met Bybelstudie en memorisering, gebed en verantwoordelikheid, die effektiefste manier is om nuwe gelowiges te help om vinnig volwasse te raak. Die klein dissipelskapgroep doen drie belangrike dinge:

(1) maak ware dissipels,
(2) identifiseer potensiële geestelike leiers
(3) bied aan mense die intieme verhoudings waaraan hulle behoefte het.

Dit bied aan hulle 'n geleentheid waar hulle openlik met ander kan deel en ook vrae kan vra oor sake wat op hulle harte is.

Om 'n dissipel te maak verg onderrig, mentorskap, en modelering van die leefstyl van Jesus. Dit is nie net slegs die oordra van feite nie; dit is die meedeel van lewe. Ons moet "skouersskuur" met diegene wat ons dissipeleer.

Dissipelskap sluit egter ook een-tot-een tye van pastorale sorg in. Dit is die luister na en bid saam met ander, sowel as om hulle te onderrig. Nie alles kan in groepsverband gedeel word nie; soms kan 'n persoon 'n persoonlike stryd beleef wat hy/sy alleen met die groepleier sal wil deel. Deur individueel met elkeen bymekaar te kom, stel die leier in staat om die groei van elke lid te bepaal. Dit gee hom of haar die geleentheid om vas te stel of die spesifieke persoon verdere dissipelering benodig, of gementor moet word in sekere areas. Dit lê ook swakhede, sterk punte, gedagterigtings en geloofsoortuigings bloot wat moontlik aangespreek moet word of waarvoor erkenning gegee kan word.

Verantwoordelikhede van Dissipelmakers

Toe Jesus ons beveel het om al die nasies te dissipeleer, het Hy ons opdrag gegee om die beskikbaarheid van die koninkryk van God aan alle mense te verkondig. Hy het ons ook beveel om hulle uit te nooi om in 'n dissipeleringsverhouding betrokke te raak totdat hulle net soos Hy lyk en optree. Met dissipelering neem die onderwyser en die student elkeen besluite. Die onderwyser is gewillig om die student te ontvang en om die Woord van God, asook sy eie lewe, met die student te deel. Die student op sy beurt, is gewillig om tot 'n opleidingsverhouding met sy onderwyser toe te tree om van die onderwyser te ontvang.

Die onderwyser verduidelik en demonstreer; die student neem waar, luister, en groei. Hy absorbeer uiteindelik die wysheid en baie van die leefstyl van sy onderwyser.

Lukas 6:40 sê: *"'n Leerling is nie hoër as sy leermeester nie, maar iemand wat volleerd is, sal aan sy leermeester gelyk wees."* In die areas waar die gedissipeleerde swak is, kan diegene wat onder sy/haar leierskap is, dieselfde swakhede ontwikkel. Die student is vatbaar vir dieselfde areas van versoeking waarin sy of haar leier vatbaar is. Dieselfde beginsel geld vir 'n area waarin die leier oorwinning beleef: daar is genade in oorvloed vir die student om oorwinning in dieselfde area te behaal. Die geestelike outoriteit van die leier oor die student, dien as 'n sambreel van beskerming.

Almal wat aktief dissipels maak moet daardie gesag ernstig opneem en heilig voor die Here leef. (As jy by jouself dink: *"Dan sal ek nie dissipels maak nie! Dit is te ernstig vir my om te doen!"* dan is jy ongehoorsaam aan die Here se opdrag en sal jy by Hom verantwoording moet doen! Maak dissipels, en neem die bediening ernstig op!)

Jakobus 3:1 sê, *"My broers, julle moenie almal leermeesters wil wees nie, want julle moet weet dat ons wat leermeesters is, strenger as ander beoordeel sal word."* Diegene wat ander dissipeleer sal verantwoordelik gehou word hoe hulle Jesus voorstel in hulle woorde, gedrag en verpligtinge. 'n Leier in God se koninkryk word meer beoordeel op sy karakter as op sy prestasies. Hy moet sy hart en gees ywerig bewaar; as sy hart reg is sal sy optrede goddelik wees en sy leierskap vrugbaar.

Versorging van die Here se Kudde

Dissipelskapleiers moet intens vir ander omgee. Dit beteken dat as jy as leier agterkom dat iemand wat jy dissipeleer in nood verkeer of 'n probleem het, moet jy die verantwoordelikheid neem om langs daardie persoon te staan en hom te bedien. Moedig hom/haar aan om openlik met jou te deel; wees gewillig om waar jy kan, behulpsaam te wees in sy praktiese behoeftes.

1 Tessalonisense 2:7-12 – *"Ons was liefdevol en sag teenoor julle soos 'n ma wat haar kinders vertroetel. So geheg is ons aan julle dat ons nie net die evangelie van God aan julle gegee het nie, maar ook ons lewe vir julle sou wou gee, want ons het julle lief gekry. Julle onthou immers nog, broers, hoe ons geswoeg en gesweet het. Dag en nag het ons gewerk om nie vir enigeen van julle 'n las te wees terwyl ons die evangelie van God aan julle verkondig het nie. Julle, en ook God, is getuie van hoe suiwer, reg en onberispelik ons ons gedra het teenoor julle wat glo. Net so weet julle ook hoe ons elkeen van julle behandel het: soos 'n pa sy kinders, het ons julle elkeen bemoedig en aangespoor en dit op die hart gedruk om tot eer van God te lewe, Hy wat julle roep om in Sy koninkryk in te gaan en so aan Sy heerlikheid deel te hê."*

'n Gesonde gemeente vereis die teerheid van 'n moeder en die leierskap van 'n vader. Leiers moet ouerlike harte hê; die beste leiers is versorgend sowel as sterk.

Die sensitiewe/teer versorger voorsien 'n plek van aanvaarding en veiligheid. Alhoewel vroue hierdie behoefte van nature vervul, het mans ook nodig om ander te versorg. Alle dissipeleerders het nodig om liefde, teerheid en aanvaarding te gee aan die wat hulle bedien. Baie keer as 'n sterk man of 'n vrou wat omgee, hierdie opvoedingsrol vervul ten opsigte van 'n persoon wat 'n gebrek aan liefde ervaar of met 'n verlede van verwerping, vind daar ongelooflike genesing plaas.

Gelowiges het sterk vaders nodig. Die vader is die gesagsfiguur, bepaal die familie se koers en gee rigting. 'n Sterk leier gee aan die "skape" 'n gevoel van beskerming en sekuriteit.

Pastore, ouderlinge, en onderwysers vervul gewoonlik die vaderlike rol in die hedendaagse kerklewe. As ‘n gemeente oor beide die ouerlike rolle beskik – die versorging van die moeder en die leierskap van die vader – kan dit gesonde, verantwoordelike gemeentelede ontwikkel.

Namate die vertrouensverhoudings binne die dissipelgroepe ontwikkel, word daar, afgesien van die geestelike behoeftes, ook in baie ander behoeftes voorsien. Enkellopendes word ingesluit by familiegeleenthede, moeders vind gewillige baba oppassers in ander lede in die groep en vakansie-etes word gedeel. Kortom, die familie van God word gebou. Die gemeenskap groei en liefde neem toe binne die Liggaam van die Messias.

Drie Dimensies van Dissipelskapgroepe

1. Die groep moet klein genoeg wees vir deursigtigheid onder mekaar en om voldoende geleentheid te gee om te deel, asook om ‘n vertrouensverhouding te ontwikkel (vier studente met een leier is die beste). Groepe van dieselfde geslag (mans saam met mans en vroue saam met vroue) is die voordeligste vir effektiewe bediening van diep en kwesbare seer.

2. Die leier moet tot so ‘n mate ‘n lewe gelyk aan dié van Christus lei, dat ander Jesus se Heerskappy oor sy of haar lewe kan herken (alhoewel nie een van ons volmaak is nie).

3. Leiers moet ander inspireer en bemoedig om ‘n goddelike lewe te bereik – deur die Woord, gebed, berading, en in die konfrontering van areas waar daar ‘n verdere behoefte vir karakterontwikkeling is.

Beskrywing van Groepaktiwiteite

‘n Dissipelskapgroep kom gewoonlik weekliks byeen. Die byeenkoms bestaan uit onderrig, gebed, en die behandeling van studie-oefeninge en memoriseerwerk. Die leier behoort elke dag vir elke persoon in sy groep te bid en hulle te bemoedig om vir mekaar te bid.

Deur eenkeer per maand saam te eet of om verjaarsdae saam te vier, bied geleentheid vir spesiale tye van gemeenskap en vorm hegte bande. ‘n Afsluitingsete aan die einde van die dissipelskapkursus is iets wat die meeste groepe geniet.

Die groep sal dalk saam **Nagmaal** wil gebruik. Sommige groepe doen dit weekliks om die Woord van God wat bestudeer en ontvang is, in hul lewens vas te maak. Ander doen dit maandeliks. Sommige kies weer om aan die einde van die 10de of 19de week se studie saam mekaar se voete te was.

Sommige dissipelskapgroepe geniet dit om saam **gemeenskapsdiensprojekte** aan te pak. Dienskneg evangelisasie aan die gemeenskap (bv. ‘n gratis karwas, gras sny, vuilgoed wegdra, vensters was, herstelwerkies) is ‘n wonderlike manier om God se liefde te deel! Om vir die seniors, weduwees of enkelma’s in die gemeente en omgewing om te gee, kan ‘n wonderlike seën wees vir beide dié wat gee en die wat ontvang.
Dienste vir gesellekteerde groepe help die groepe om bande te vorm en kan diegene wat leierskappotensiaal het, openbaar. Dit gee aan die leier toegang om raak te sien wie inisieër, uitstekende werk doen, maklik met ander oor die weg kom en ‘n dienskneghart het.

Die Dissipelmaker en Sy Kosbaarste Verhoudings

Om ander te dissipeleer en te mentor in die weg van God is só opwindend en vervullend, dat dit oor die potensiaal beskik om te veel van jou lewe in beslag te neem. Ongeag wat en hoeveel ons in die Koninkryk doen, *moet ons altyd genoeg tyd alleen met God spandeer.* Ons moet ook seker maak dat ons nie te besig raak vir ons eie families en intieme vriende nie.

<u>Dink vir 'n oomblik na oor die volgende vrae</u>:

- Na wie draai jy vir berading en/of gebed, wanneer jy iets persoonlik in jou lewe het waarmee jy worstel?
- Saam met wie lag en ontspan jy?
- Wie bel jy wanneer jy wil gaan fliek of net wil gaan stap?
- Wie *<u>ken</u>* jou werklik?

As jy nie maklike of vinnige antwoorde op hierdie vrae het nie, is jy heel moontlik te besig om die verhoudinge wat jy nodig het, te ontwikkel.

Deur ander te dissipeleer, gee jy jouself weg. Ons ***stort*** die lewe van God wat in ons is, in daardie persone se lewens uit. Om dit te kan doen het ons liefdevolle vertrouensverhoudings met ander dissipelmakers nodig. In ons dissipelering van die volgende generasie het ons die ondersteuning, krag en verantwoordelikheid wat goddelike vriendskappe bied, nodig. Dit beteken dat ons nie net tyd moet inruim om dissipels te maak nie, maar ons moet ook tyd maak om wedersydse ondersteunende verhoudings met ander te ontwikkel.

Dit is onwenslik, selfs gevaarlik, indien ons slegs eenrigting-verhoudinge handhaaf, waar slegs óns bedien. Ons MOET ook tweerigtingverhoudinge in ons lewens toelaat. Ons het nodig om vriende te hê by wie ons onsself kan wees, en om te weet dat hulle ons aanvaar en liefhet vir wie ons is, en nie vir wat ons kan gee nie.

Binne dié konteks van goddelike vriendskap bemoedig ons mekaar. Ons beleef tye waar ons kan ontlaai deur te lag en pret te hê. Ons sal dikwels ook sinvolle tye van trane en hartseer beleef. Ons het almal hierdie waardevolle vriendskappe nodig; *maak seker* dat jy nie te besig is om dit te ontwikkel nie!

Ons gelowiges neig om oppervlakkige verhoudings te hê wanneer ons so besig is, maar wanneer ons tyd belê in die ontwikkeling van betekenisvolle verbonds verhoudinge met mekaar, waar ware vertroue, begrip, en liefde gebou word, sal ons vind dat die volgende generasie daarby sal baatvind. Dit is die sterkste huwelike wat die meeste sekuriteit en gelukkige kinders voortbring.

Word Geestelike Vaders

"Hierdie dinge skryf ek nie om julle skaam te maak nie, maar om julle as my geliefde kinders tereg te wys, want al sou julle ook duisende leermeesters in Christus hê, baie vaders het julle nie. Deur die verkondiging van die evangelie is ek in Christus Jesus julle vader. Daarom spoor ek julle aan: Volg my voorbeeld! Om hierdie rede het ek Timoteus, my geliefde en getroue seun in die Here, na julle toe gestuur. Hy sal julle herinner aan my lewe en leer in Christus Jesus, waarin ek ook oral in elke gemeente onderrig gee." **(1 Korintiërs 4:14-17)**

Ons almal weet hoe natuurlik kinders verwek word. Daar is 'n intimiteit tussen 'n man en 'n vrou, en dan na nege maande word hulle lewens totaal verander! Mans weet hoe om natuurlike vaders te word, maar min weet hoe om geestelike vaders te wees. My gebed vir jou is dat terwyl jy hierdie boek lees, jy 'n begeerte sal ontwikkel om geestelike seuns en dogters op te voed. Met die statistiek ten opsigte van geskeide en disfunksionele families die hoogste ooit, word 'n "vaderlose generasie" gekweek. As daar ooit 'n tyd was vir geestelike vaders en moeders om op te staan binne die Liggaam van die Here, is dit *NOU!*

Een van die grootste seëninge en uitdagings om 'n dissipel van Jesus te word, is dat ons die voorreg en verantwoordelikheid het om die lewe van Jesus Christus in iemand anders se lewe te belê. Om ander te help om Sy dissipels te word, is die manier hoe geestelike leiers en vaders binne die Liggaam ontwikkel. Vandat ek, Reuven, God se visie vir dissipelmaking in 1980 gegryp het, het ek die vreugde gehad om my lewe <u>persoonlik</u> in die lewens van 60-75 mans te belê. Vandag, deur God se genade, is meer as 'n dosyn van hulle besig om gemeentes te pastor. Ek kan vereenselwig met die vreugde van die apostel Johannes soos dit opgeteken staan in **3 Johannes 1:4**: *"Niks verskaf my groter vreugde nie as om te hoor dat my kinders in die waarheid lewe."*

Die apostel Paulus is 'n goeie voorbeeld van 'n geestelike vader vir ons vandag. Wat kan ons leer uit sy manier van dissipelering en sy voorbeeld van vaderskap? Ek wil hê ons moet na **<u>ses</u>** aspekte van sy lewe kyk wat goed te pas sal kom in ons proses van dissipelering.

(1) Paulus was 'n man van nederigheid en gebrokenheid. **Handelinge 20:17-19** sê: *"…hoe ek die Here in alle nederigheid gedien het te midde van droefheid weens die vervolginge wat ek deur die komplotte van die Jode moes verduur."* Paulus het as 'n geestelike vader nederigheid en deursettingsvermoë in elke beproewing gemodeleer.

Uit die sendbriewe van Paulus is die groei van nederigheid in sy karakter ontwikkeling baie duidelik. Onder die eerste briewe van Paulus was die briewe wat aan die Korintiërs in 56 nC geskryf is. Paulus skryf: *"Ek reken dat ek <u>niks</u> agterstaan by julle danige apostels nie."* **(2 Korintiërs 11:5)** Paulus skryf weer in **1 Korintiërs 15:9**: *"Ek is immers die geringste van die apostels en is nie werd om 'n apostel genoem te word nie..."* Sowat ses jaar later, in 62 nC, skryf Paulus aan die Efesiërs: *"Hoewel ek die geringste van al die gelowiges is, het Hy aan my hierdie voorreg gegee…"* **(Efesiërs 3:8)** Sien jy sy vordering in nederigheid? Nog ses jaar het verloop en in 68 nC skryf Paulus in **1Timoteus 1:15**: *Dit is 'n betroubare woord… Christus Jesus het in die wêreld gekom om sondaars te verlos. Van hulle is ek die grootste."*

Ons kan Paulus se nederigheid agterkom aan sy meegevoel en gebrokenheid. Paulus het dikwels in gebed gehuil as gevolg van sy opregte liefde vir ander. Te veel van ons gebede word vandag met droë oë gebid. Geestelike volwassenheid sal homself soms in trane uitdruk wanneer ons die worsteling en pyn van ander raaksien. Baie mans dink vandag dat om te huil, nie manlik is nie, maar Jesus, die model van manlikheid, het gehuil. Paulus het die Gees van Jesus in hom gehad, en sy nederigheid was 'n uitwaartse openbaring daarvan.

(2) Paulus het geestelike beleggings gemaak in diegene wat hy dissipeleer – deur gebed, onderrig, en persoonlike bediening. *"Ek dank God, wat ek net soos my voorouers met 'n skoon gewete dien, wanneer ek onophoudelik dag en nag in my gebede aan jou dink. Om hierdie rede herinner ek jou daaraan dat jy die genadegawe wat God jou gegee het toe ek jou die hande opgelê het, soos 'n vuur weer moet aanblaas."* **(2 Timoteus 1:2-3,6)**

2 Timoteus 2:2 sê, *"Wat jy my voor baie getuies hoor verkondig het, moet jy toevertrou aan betroubare manne wat bekwaam sal wees om dit ook aan ander te leer."* Diegene wat rondom Paulus was, het hom gehoor preek en het sonder twyfel waardevolle bediening van hom ontvang.

(3) Hy het 'n goddelike lewe gedemonstreer. **2 Timoteus 3:10** sê, *"Maar jy het my nagevolg in leer, lewenswandel en lewensdoel, in geloof, geduld, liefde en volharding, in vervolging en ontbering."* Paulus het 'n bloudruk vir ander nagelaat om te volg. Hulle het sy gesindheid aangeneem en het sy doelwit vir die lewe hul eie gemaak. In **1 Tessalonisense 1:5-7** sê Paulus: *"… En julle het ons voorbeeld gevolg."* Geestelike kinders volg die voorbeeld en gesindhede wat deur hul geestelike ouers gemodeleer word.

(4) Paulus het vreugde gevind in diegene wat hy gedissipeleer het en was toegewyd aan hulle. *"Ons was liefdevol en sag teenoor julle soos 'n ma wat haar kinders vertroetel. So geheg is ons aan julle dat ons nie net die evangelie van God aan julle gegee het nie, maar ook ons lewe vir julle sou wou gee, want ons het julle lief gekry."* **(1 Tessalonisense 2:7-8)**

Paulus het werklik diegene wat hy onderrig het, liefgehad. Hy was persoonlik by en in hulle lewens betrokke, en hy het hulle nie op 'n veilige afstand van sy eie hart en lewe gehou nie. Hy het nooit ander beskou as middele om sy eie doel te bereik nie; hy het werklik in mense belanggestel. Ons is veronderstel om ook opreg en intens lief te hê en diegene oor wie ons geestelike outoriteit uitoefen, toe te laat om toegang tot ons harte en lewens te hê.

(5) Paulus het bediening aan dissipels gedelegeer. **Titus 1:4-5** sê: *"Aan Titus, my eie kind in die geloof wat ons albei bely. Genade en vrede van God die Vader en Christus Jesus ons Verlosser! Ek het jou op Kreta agtergelaat met die bedoeling dat jy die dinge wat nog gereël moes word, in orde moet bring en dat jy in elke dorp ouderlinge moet aanstel soos ek dit aan jou opgedra het."*

Paulus het Titus in die bediening uitgestuur. Wat 'n werk het hy aan hom toevertrou; Titus moes in elke dorp ouderlinge gaan aanstel! Paulus het diegene wat hy dissipeleer het, geleer, en dan het hy diens aan hulle toevertrou. Ons is op dieselfde manier veronderstel om ander te leer en op te lei totdat hulle 'n sekere vlak van volwassenheid in die Here bereik. Dan behoort ons hulle uit te stuur om te bedien. Nadat ons hulle uitgestuur het, moet ons hulle werk inspekteer en verdere leiding en bemoeding gee.

Ons moet God se gawes in ander kan erken en ontwikkel, en hulle dan in staat stel om daardie gawes te gebruik. Dit sluit in dat jy hulle sal toelaat om foute te maak in hulle groeiproses in leierskap.

Volgens **Efesiërs 4:11-13**, is die primêre rol van leiers om <u>die mense</u> op te lei om die werk van die bediening te doen! Diegene wat alreeds in die bediening is, moet ***leer om te delegeer!*** As **jy** al die werk van die bediening doen, sal jy diegene onder jou sorg wat oor gawes beskik en wat geestelik volwasse genoeg is om te bedien, eindeloos frustreer. Jy sal jouself ook uitbrand!

(6) Hy was afhanklik van sy geestelike seuns om ook self geestelike vaders te word. Hulle was veronderstel om "hulself te reproduseer" deur ander te leer en op te lei. **1 Timoteus 4:12** sê:

"Niemand mag op jou neersien omdat jy jonk is nie, maar wees jy vir die gelowiges 'n voorbeeld in woord en gedrag, in liefde, geloof en reinheid." Wees 'n voorbeeld, 'n bloudruk vir ander om na te volg.

Toe God vir Adam en Eva opdrag gegee het om vrugbaar te wees en te vermeerder, weet ons Hy het natuurlike kinders in gedagte gehad. Daardie opdrag is egter ook van toepassing op ons eie geestelike lewens! Ons moet tot eer van God vrug dra en geestelike kinders vermenigvuldig.

Ek, Reuven, het in 1980, terwyl ek in Rockford, Illinois woonagtig was, die visie van God ontvang om dissipels te maak. Gedurende daardie tyd het ek die vreugde gehad om talle klein dissipelskapgroepe te lei, en het ek ook die geleentheid gehad om my lewe in dinamiese jong mans se lewens te belê. In 1982, het ek na Jerusalem, Israel verhuis. In 1987 is ek genooi na verskeie plekke in Noord-Amerika om te gaan lering gee. Een van die uitnodigings was van Clint, 'n man wat ek gedurende my jare in Rockford gedissipeleer het. Na sy bywoning van Bybelskool was hy nou een van die ouderlinge van 'n klein gemeente in Kalifornië. Nadat Clint my by die lughawe opgelaai het, was ons oppad na 'n huis waar omrent 20 mense bymekaargekom het om my te verwelkom. Onder hierdie wonderlike gelowiges was 'n jong man wat my herken het: *"Is jy Reuven? Reuven van Jerusalem?"* Toe ek bevestigend antwoord, omhels hy my en skreeu: "Oupa!" Hierdie groet het my laat skrik, aangesien ek nog nooit getroud was, of enige kinders gehad het nie! Na sy stewige omhelsing, het ek hom gevra wat hy bedoel het toe hy my "Oupa" genoem het! Sy antwoord was: *"Clint het my gedissipeleer!"*

Hierdie reaksie het amper my asem weggeslaan, aangesien ek tot op daardie oomblik nog nooit die impak van dissipelering so ervaar het nie! Ek het verstom gaan sit – en binne minute, het dieselfde jong man saam met 'n ander jong man na my toe gekom. Toe sê hy: "*Reuven, Ek wil graag hê jy moet jou agter-kleinkind ontmoet!"*

Ek kan nie die vreugde beskryf wat my siel daardie aand vervul het nie. Geestelike vaderskap het belonings wat jy nie kan beskryf nie. Jesus kombineer God se heerlikheid, vrug-dra, en dissipelskap in **Johannes 15:8**: *"My Vader word juis daardeur verheerlik dat julle baie vrugte dra en My dissipels is."* Dissipeldering / dissipelmaking gee nie net alleen eer aan die Vader nie, dit stel Hom grootliks tevrede. In **Kolossense 1:10** skryf Paulus aan die dissipels in Kolosse: *"Ons vra God dat Hy deur al die wysheid en insig wat die Gees gee, julle Sy wil duidelik sal laat ken, sodat julle tot eer van die Here sal lewe deur net te doen wat Hy verlang. Mag julle vrugte dra deur goeie werke en toeneem in die kennis van God."*

Jy weet dat iemand werklik God se visie ontvang het om dissipels te maak, wanneer hulle getrou ander dissipeleer het. En die ***groot seën*** lê daarin wanneer daardie dissipels in die Meester se Opdrag volhard deur in ander se lewens te belê. My gebed is dat God geestelike moeders en vaders in hierdie generasie sal oprig, en dat **jy** deel van daardie getal sal wees!

Dissipeleer die Volgende Generasie

Hierdie lering is primêr daarop gerig om ervare vroue tot volwassenheid te lei in hulle dissipelering van minder volwasse vroue in die weë van God. Die waarhede hierin vervat, geld egter ook vir mans wat ander mans dissipeleer, so, ***asseblief mans, lees dit!*** Ons skop af deur te kyk na hoe Maria God se roeping ontvang het en dit haar eie gemaak het en toe 'n ouer vrou met wysheid uit gekies het om haar te mentor. Elisabet was net 'n paar maande vroeër in 'n soortgelyke lewensveranderende, uitdagende situasie.

Lukas 1:26-28: *"In die sesde maand van Elisabet se swangerskap het God die engel Gabriël gestuur na 'n maagd in Nasaret, 'n dorp in Galilea. Sy was verloof aan Josef, 'n man uit die geslag van Dawid. Die naam van die maagd was Maria. Toe die engel by haar kom, sê hy: "Ek groet jou, begenadigde! Die Here is by jou."*

Lukas 1:30-33: *"Die engel sê toe vir haar: "Moenie bang wees nie, Maria, want God bewys genade aan jou. Jy sal swanger word en 'n Seun in die wêreld bring, en jy moet Hom die naam Jesus gee. Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word. Die Here God sal Hom die troon van Sy voorvader Dawid gee, en Hy sal as koning oor die nageslag van Jakob heers tot in ewigheid. Aan Sy koningskap sal daar geen einde wees nie."*

Lukas 1:34-38: *"Maar Maria sê vir die engel: ""Hoe is so iets moontlik, aangesien ek nog nooit omgang met 'n man gehad het nie?" Die engel antwoord haar: "Die Heilige Gees sal oor jou kom, en die krag van die Allerhoogste sal die lewe in jou wek. Daarom sal die Een wat gebore word, heilig genoem word, die Seun van God. Kyk, 'n bloedverwant van jou, Elisabet, het in haar ouderdom self ook 'n seun ontvang, en sy wat as onvrugbaar bekend was, is nou al in haar sesde maand. Niks is vir God onmoontlik nie." Maria sê toe: "Ek is tot beskikking van die Here. Laat met my gebeur wat u gesê het."*

Lukas 1:39-45, 56: *"Maria het haar sonder versuim gereed gemaak en haastig na 'n dorp in die bergstreek van Judea gegaan. Daar het sy in Sagaria se huis ingegaan en vir Elisabet gegroet. Net toe Elisabet die groet van Maria hoor, het die kindjie in Elisabet se moederskoot beweeg, en sy is met die Heilige Gees vervul en het hard uitgeroep: "Geseënd is jy onder die vroue en geseënd is die vrug van jou moederskoot! Waaraan het ek dit te danke dat die moeder van my Here na my toe kom? Kyk, net toe die geluid van jou groet in my ore klink, het die kindjie in my van vreugde beweeg. Gelukkig is sy wat glo dat in vervulling sal gaan wat die Here vir haar gesê het!" Maria het omtrent drie maande by Elisabet gebly en daarna teruggegaan huis toe."*

Wat 'n merkwaardige jong vrou was Maria nie! Sy het haarself heeltemal aan God beskikbaar gestel en onderwerp aan Sy wil, al was die prys van gehoorsaamheid baie groot. Sy het ook haar behoefte besef aan verdere opvoeding in die kennis van God. In haar nederigheid het sy 'n goddelike ouer vrou uitgekies wat haar sou mentor. Nie sommer enige ouer vrou sou geskik wees nie; sy het een nodig gehad wat self ook 'n spesiale ontmoeting met God gehad het en wat sélf deur intense innerlike worstelinge gewerk het tot op 'n plek van oorwinning.

Let op dat Maria die inisiatief geneem het om 'n mentor te soek. Maria was jonk en gehoorsaam, maar onervare in God se weë. Sy wou van Elisabet, 'n vrou wat reeds vir dekades lank saam met God 'n pad gestap het, onderrig ontvang. Maria het die wysheid en berading van iemand uitgesoek wat meer volwasse was as sy.

Baie van julle is soos Maria. Jy weet jy is geroep deur God, en dat die roeping groter is as jy. Jy weet jy het verdere mentorskap nodig. Jy het iemand nodig wat jou sal onderrig, vír jou en saam met jou sal bid en wat 'n geestelike moeder (of vader) vir jou sal wees.

In elk geval, *meeste van ons* het iemand nodig wat meer weet van God, en wat al langer saam met Hom ‘n pad stap as jyself! Waar en wanneer die geleentheid hom ookal voordoen, moet ons nederigheid omhels soos wat Maria dit omhels het, en leer van diegene wat meer ervare is.

Moenie dink omdat jy ‘n roeping van God op jou lewe het, dat jy meer spesiaal is en nie die hulp van ander nodig het nie! Ons almal het met tye hulp nodig. Maria het ‘n baie *spesiale roeping* gehad, en steeds het sy besef dat sy die wysheid van ‘n mentor nodig het.

As jy geestelike volwasse persone in jou lewe het, leer alles wat jy kán van hulle! Vra vrae en soek raadgewing! Neem die inisiatief om by die voete te sit van iemand wat jy respekteer en wat wysheid en ervaring in God het.

Elisabet – die Meer Ervare Vrou

Elisabet het die roeping van God op Maria herken. Sy het gesien dat God ‘n spesiale toekoms vir haar in stoor het en dat Hy Sy eie lewe in haar belê het. Sy het geweet dat die planne wat God vir Maria het, haar eie roeping oortref. **Lukas 1:43** sê: *“Waaraan het ek dit te danke dat die moeder van my Here na my toe kom?”*

Met visie vir die toekoms het sy in Maria belê – die een wat geroep is om die Een te baar wat die toekoms hou. Elisabet was **beskikbaar** vir Maria. Sy het haar hart en huis oopgestel vir daardie drie maande, en haar die weë van God geleer. Die Here het geweet dat Elisabet die perfekte een is om Maria te dissipeleer; Hy het haar vir dekades lank voorberei vir hierdie bediening.

Belê eerder Tyd as om dit te Spandeer

Ons almal het dieselfde tyd tot ons beskikking, maar dit lyk of ons steeds nie genoeg daarvan het nie! Ons is bekend met die aanhalings “tyd is geld” en “liefde word gespel t-y-d.” As gevolg van tydsdruk, bestaan die versoeking om ‘n bediening te begin sonder genoeg toerusting en ‘n versoeking om ander uit te stuur in die bediening voordat hulle genoegsaam opgelei is. Dit is noemenswaardig om daarop te let dat Jesus nie die bediening betree het voordat hy 30 jaar oud was en baie tyd in die Woord, gebed en in *“die leer van gehoorsaamheid deur alles wat Hy gely het”* **(Hebreërs 5:8 - geparafraseer)** spandeer het nie.

Daarna, in die drie en ‘n half jaar van Sy openbare bediening, het Hy die meeste van Sy tyd saam met Sy twaalf manne spandeer. Hy het ook Sy tyd saam met Sy Vader in gebed en aanbidding ‘n groot prioriteit gemaak. Wat kommunikeer dit aan ons? Dat ons hoogste prioriteite moet wees om ‘n groot deel van ons tyd saam met ons Hemelse Vader te spandeer, asook saam met diegene wat Hy aan ons toevertrou het om te dissipeleer of te mentor. As ons *net dit* en *alles doen* wat God ons geroep het om te doen, sal ons genoeg tyd hê om alles gedoen te kry.

‘n Algemene wanopvatting is dat “om tyd met God te spandeer” beteken dat jy *“alleen”* met Hom moet wees. Soos wat Jesus gemodeleer het, het ons wel tyd nodig om alleen met God te wees, maar ons het gewoonlik slegs ‘n klein gedeelte van ons dag wat ons eenkant kan sit vir stiltetyd. Nogtans, as ons God betrek in *alles* wat ons doen, sal ons altyd tyd met Hom spandeer! Ons het nodig om Sy “*teenwoordigheid te beoefen”* (‘n term geskep deur Broeder Lawrence in die 17de eeu).

Al *“beoefen jy God se teenwoordigheid”* deur die dag, maak seker dat jy tyd opsy sit waar jy al jou aandag op Hom kan vestig! Jesus het die belangrikheid daarvan besef om alleen met die Vader te wees; Sy bediening aan ander was ‘n ***oorvloei*** van Sy bediening aan God. Hy het geweet dat Hy eers van Sy Vader moet hoor voordat Hy mense bedien, en Hy het die belangrikheid daarvan besef om in die teenwoordigheid van die Vader te wees nadat Hy die skares bedien het.

Te veel van ons huidige geestelike leiers ontspan voor die televisie na publieke bediening, in plaas daarvan om God se teenwoordigheid te soek vir verkwikking. Dit is gevaarlik! Op 'n tydstip waar ons leeg en afgemat is nadat ons geestelik, fisies en verstandelik uitgegee het, is ons oop en ontvanklik vir enigiets wat in ons belê word. Wat 'n bespotting is dit nie, dat soveel die taal en maniere van die wêreld indrink, eerder as om diep van die rivier van God te drink!

Ons bron van krag in gesalfde bediening aan ander, word in 'n leefstyl van gebed en aanbidding gevind. Ons het kwaliteit tyd nodig saam met God voordat ons onsself aan ander gee. Namate ons Hom intiem leer ken, sal ons veilig voel en wees in Sy liefde. En ons almal het daardie sekuriteit nodig! Alhoewel ons verlossing deur die bloed van Jesus vind, sal ons slegs heelheid en sekuriteit van binne bereik deur die liefde van die Vader te ken. Elkeen van ons moet 'n gemaklike vriendskap met God hê en vol vertroue wees in Sy getrouheid en goedheid teenoor ons, anders sal ons ons eie onsekerheid en gebrek aan verhouding met die Vader, oordra in diegene wat ons mentor. As ons op 'n afstand van Hom staan of moeg is vir Hom, sal diegene wat ons dissipeleer, ook so wees!

Stort Jou Lewe Uit In Ander

Alhoewel Jesus die evangelie oor die hele Galilea verkondig en duisende mense genees het, het Hy die grootste deel van Sy bedieningstyd met Sy dissipels spandeer. Jesus het 'n bediening vir die skare gehad, maar Hy het Sy lewe in die twaalf manne saam met Hom uitgestort. Hulle het die voordeel ontvang van persoonlike vriendskap met Hom, asook die volledige verduideliking van Sy leringe.

Waar die geleentheid hom ookal mag voordoen, is ons veronderstel om soos Jesus die evangelie te verkondig, die siekes te genees en lering oor die werkswyses van God se Koninkryk te gee. Ons het ook die opdrag om 'n beperkte aantal mense te dissipeleer. Die Vader het diegene uitgekies wat jy moet dissipeleer en jy moet tyd vir hulle te maak. Jou kinders is natuurlik eerste op daardie lys. *Wat baat dit jou om die hele wêreld te wen en jou eie kinders te verloor?* Bo en behalwe jou kinders, wie is die ander in wie die Here wil hê jy moet belê? Jesus het die hele nag gebid voordat Hy sy 12 dissipels gekies het. Dit is van groot belang dat jy sal bid oor diegene wat jy moet dissipeleer.

Onthou: Die Here verwag dat alles wat Hy aan jou gee, jy op jou beurt moet weggee! Ons is nie veronderstel om waterbakke te wees wat lewende water bymekaar maak en opgaar nie! Ons moet houers wees wat daardie water ontvang en dan aan ander weggee. Jesus het gesê: *"Verniet het jy ontvang, verniet moet jy dit weggee!"* Die vraag is nie ***of*** jy dissipels moet maak nie - ons word almal <u>*beveel*</u> om dit te doen. Die vraag is ***wie?*** Vir wie het God jou geroep, wie is die mens(e) wat jy moet dissipeleer en/of mentor?

1 Tessalonisense 2:7-8 sê: *"Ons was liefdevol en sag teenoor julle soos 'n ma wat haar kinders vertroetel. So geheg is ons aan julle dat ons nie net die evangelie van God aan julle gegee het nie, maar ook ons lewe vir julle sou wou gee, want ons het julle liefgekry."*

Hierdie is ware dissipelskap – nie net deur die evangelie te gee nie, maar om jou eie lewe in ander te belê! Dit is om jou hart met hulle te deel, jou ervaringe van oorwinning en nederlaag, en jou insig in die Woord van God. Indien jy oor 'n gawe beskik of opgelei is in 'n area van bediening, kan jy hulle dalk oplei in daardie selfde area van bediening.

God het baie in jou belê. Moet dit nie vir jouself hou nie, en moet dit nie saam met jou graf toe dra nie. Neem ander onder jou vlerk en stort dít wat God jou geleer het, in hulle lewens uit. Moenie dink dat jy 'n veilige afstand van mense kan handhaaf en steeds effektief met hulle sal wees nie. Dit sal nie gebeur nie! Jy moet kanse waag in verhoudinge!

Praat van Toewyding ("Commitment")

Jy moet gewillig wees om *toegewyd* aan diegene wat God aan jou toevertrou het om te dissipeleer te wees. In al ons betekenisvolle verhoudings bestaan daar vlakke van toewyding. Wanneer jy weet dat God vir jou opdrag gee om iemand te dissipeleer, is dit goed om te praat oor die **tydsaspek van dissipelskap** of die **doelwit van mentorskap**. Jy sal dalk melding wil maak van die verwagtinge wat jy koester of van die tydsaspek wat jul albei gewillig is om te maak.

Jy kan iets sê soos: *"Ek is toegewy aan jou groei in jou geloof in die Here. Ek sal vir jou bid en jou liefhê; Ek sal eerlik met jou wees. Ek sal daarvan hou om vir die volgende drie of vier maande weekliks by jou uit te kom."* Die een wat gedissipeleer word kan dan moontlik sê: *"Ek vertrou jou en wil deur jou gementor word. Enigiets wat jy in my sien wat nie van die Here is nie, moet jy asseblief aan my kommunikeer. Alles wat jy gewillig is om aan my te leer of oor te dra, wil ek graag leer."*

Deur jou toewyding te verbaliseer/kommunikeer, vestig jy 'n **vertrouensverhouding** waarop jy kan bou. Jy oorwin die vyand wat altyd daarop uit is om met sy leuens en beskuldigings God se geroepe verhoudings te verbreek. Jy begin om eenheid te bou, en die seën wat God beloof oor eenheid, sal begin vloei in albei rigtings. Beide die gedissipeleerde en die een wat dissipeleer, sal groei en geseënd wees.

Beïnvloed die Nasies met Geestelike Kinders

Jesaja 54:1-3: *"Jubel, onvrugbare vrou, jy wat geen kinders in die wêreld gebring het nie, jubel en juig, jy wat geen geboortepyne geken het nie, want jy, verstote vrou, gaan nou meer kinders hê as een wat getroud is, sê die Here. Maak groter die plek vir jou tent, maak breër jou tentdoeke, moenie suinig daarmee werk nie. Maak langer die tentlyne en slaan die tentpenne dieper in, want jy sal na alle kante toe uitbrei; jou nageslag sal nasies verdryf en in die stede wat nou verwoes is, gaan woon."*

Die van julle wat nie geseënd is met natuurlike kinders nie kan juig oor die geestelike kinders wat God aan jou wil gee. Vergroot die plek van jou tent en kyk uit vir die uitbreiding deur geestelike kinders! Hulle sal nasies in besit neem! Verbreed jou visie!

Ek praat uit ondervinding rondom hierdie kwessie. Ek en Reuven het nog nie natuurlike kinders gehad nie, nogtans het God ons toegelaat om nasies te bereik deur die geestelike kinders wat Hy aan ons gegee het. Ek kon jare vermors het deur uitgerekte droefheid omdat ek nie my eie kinders kon hê nie, maar ek het gekies om die roeping van God op my lewe te gehoorsaam. Ek het tevredenheid, vreugde en vervulling gevind deur te kies om SY kinders op te voed en op te lei.

As jy nie jou lewe in ander se lewens belê nie, wil ek jou vra: "Waarom nie?" Daar is nie baie beleggings wat so waardevol is soos hierdie een nie! Dit het ewigheidswaarde! Jy kan 'n erfenis nalaat deur alles wat God jou geleer en gegee het, in ander se lewens uit te stort. Gee jouself weg. Maak ewigheids beleggings in die volgende generasie van geestelike leiers.

Jy mag vra: "Waar kan ek die tyd hiervoor kry?" Goeie vraag! Jy sal dalk ander belangrike aktiwiteite moet uitskakel om tyd te maak vir dit wat ***belangriker*** is. Vra vir die Here wat *die belangrikste vir jou lewe in hierdie seisoen van jou lewe is.*

Identifiseer met Elisabet en/of Maria

Kom ons sluit hierdie hoofstuk af deur weer na Elisabet en Maria te kyk. Kan jy met een van hulle identifiseer? Of miskien met albei van hulle? Is jy soos Elisabet?

Is jy iemand wat deur jare se verwerping, teleurstellings, of droefheid gewerk het, en steeds met liefde en lof teenoor God aan die anderkant uitgekom?. Miskien het jy soos Elisabet die antwoord op jou gebede eers jare later ontvang, toe sy swanger geword het, of miskien is jou gebede nog nie positief beantwoord nie, maar jy het die "nee" aanvaar. Miskien wag jy steeds op antwoorde met onbeweegbare geduld en geloof.

God het die wanhoop van Elisabet gebruik om haar te laat ontwikkel in die instrument wat geheel en al aan Hom oorgegee is, sodat sy die mentor van die ma van Sy Seun kon wees. Het jy al deur diep waters gegaan?

Kan dit wees dat God dalk minder volwasse gelowiges jou pad langs wil stuur sodat jy jou hart kan oopmaak en hulle kan mentor? Het jy deur jou beproewinge gekom sonder die reuk van woede, ongeloof, en bitterheid wat aan jou bly kleef? Het jy God se genade omvou en Sy liefde geglo (ten spyte van die seer) tot op 'n punt van dankbaarheid vir die heerlikheid wat gaan volg as gevolg van jou stryd? Elisabet het gejuig oor die geboorte van Johannes. Verheug jy jouself in dÍt wat God uit jou "geestelike swangerskap" voortgebring het?

Of dalk is jy soos Maria? Het die Heilige Gees oor jou vaardig geword? Het Hy iets in jou bevrug – miskien 'n visioen? Is jy swanger met die lewe van God? Het God dalk aan jou 'n bestemming gegee wat versorging behels sodat dit kan ontwikkel tot op 'n plek waar dit nasies en/of generasies kan affekteer? Indien dit die geval is, het jy al 'n geestelike vrou/dame uitgesoek wat haar lewe in jou kan investeer? (Wat sou gebeur het as Maria nie na Elisabet gegaan het en daardie eerste essensiële maande saam met haar deurgebring het nie?)

Baie van julle het die leuen van die duiwel geglo dat jy onbekwaam is om iemand te dissipeleer en te mentor. God HET aan jou die gawe gegee en *ek bid dat* ***daardie gawe*** *in en deur jou* ***losgemaak sal word.***

Vra vir die Here: *"Wie moet ek dissipeleer?"* en gaan voort om die Groot Opdrag te vervul!

Die Krag van Meedeling

deur Francis Frangipane, www.frangipane.org
22 September, 2003
Gebruik en verander met toestemming

Ek ken ‘n man wat sedert kleintyd aggressiewe uitbarstings van sy pa moes verduur. Die insident het te doen gehad met ‘n spesifieke styl hemp wat ander tieners gedra het. Eerstens het sy pa beveel dat hy nie ‘n soortgelyke hemp mag koop nie, en toe hy in elk geval met die hemp by die huis opdaag, het sy pa hom opdrag gegee om dit uit te trek. Toe die seun weier om dit te doen, het sy pa ontplof en die hemp van sy lyf afgeskeur.

Wat ookal die skade mag wees wat hierdie aggressiewe gedrag aan die jong man se siel gerig het, het dit ‘n nog intenser gevolg gehad. My vriend het later getrou en sy eie kinders gehad. Op ‘n stadium wou sy oudste seun ‘n spesifikieke hemp dra, waarteen die pa beswaar gemaak het. Later daardie selfde dag het die seun probeer om, met die hemp aan sy lyf, ongesiens uit die huis te glip, maar word toe uitgevang. Net soos wat sy pa destyds op soortgelyke wyse gereageer het, het my vriend ook ontplof. Terwyl sy seun die hemp nog aan sy lyf gehad het, het hy die hemp op verskeie plekke aan flarde geskeur.

My vriend was nie ‘n aggressiewe man nie, maar 25 jaar gelede is iets in sy lewe gedeponeer. Hierdie patroon van woede het in sy gees begin groei en toe die regte omstandighede hom voordoen, het dit homself presies herhaal. Hy was geskok deur sy onopsetlike optrede en het verstom gestaan oor die krag van meedeling in sy lewe. Sy vader se daad was ‘n saad wat, bo en behalwe my vriend se eie bewustelike keuse, op sy eie in die tuin van sy lewe geblom het.

Die beginsel van meedeling openbaar homself op ontelbare wyses gedurende ons lewens. Daar is dinge wat ons doen en idees wat ons verdedig, nie omdat ons dit deurdink het nie, maar omdat dit in ons deur ander mense rondom ons belê is. Die ongefilterde menslike gees is baie soos ‘n spons wat die inhoud van die wêreld rondom ons absorbeer. Die Skrif waarsku ons: *“Slegte geselskap bederf goeie sedes”* **(1 Korintiërs 15:33)**. Ek weet van baie kinders wat in Christelike huise opgegroei het en vriende gemaak het met ander jongmense wat seksueel aktief was of met dwelms geëksperimenteer het. Spoedig is die morele standaarde van hierdie kinders beïnvloed deur die dinge wat hulle meegedeel is.

Jesus waarsku: *“Pas dus op hoe julle luister, want wie het, vir hom sal daar nog meer gegee word, maar wie nie het nie, van hom sal ook wat hy dink dat hy het, weggevat word.”* **(Lukas 8:18)** Waarna jy ookal luister en waarop jy ookal fokus, daarvan *“sal meer vir jou gegee word.”* Dit waaraan ons openlik toegee, sal ons tot ‘n mate na sy eie beeld vorm. Wees dus baie versigtig waarna jy kyk voordat jy volgende keer die televisie aanskakel of ‘n fliek gaan kyk. Of die meedeling via die media, vriende, of familie kom, wees versigtig wat jy in jou gees toelaat!

Die goeie nuus is dat meedeling ‘n wonderlike en positiewe invloed in jou lewe kan wees. ‘n Lewegewende kerk kan jou op jou geestelike reis vervul en ondersteun. Gebedsvriende kan saam met jou en vir jou voor God staan en jou aanmoedig om heilig te leef. God se Woord belowe: *“Wie met wyse mense omgaan, kry self wysheid”* **(Spreuke 13:20)**. Daar is mense wat God in ons lewens geplaas het wie se invloed ons inspireer om na die sterre te reik.

As ‘n geestelike leier stel ek my dit ten doel om nie net inligting aan jou deur te gee nie, maar ook om jou ook aan God te konformeer. Dit behels nie net aanwysings nie, maar ook meedeling. As jy besig is om ‘n sekere boek te lees wat God nou in jou lewe gebruik, glo en vertrou God vir die beste wat daardie bediening kan voorsien.

Ontvang ook van die genade wat aan daardie skrywer gegee is. Jesus het die waarde van goddelike meedeling in gedagte gehad toe Hy gesê het: *"Wie julle ontvang, ontvang My; en wie My ontvang, ontvang Hom wat My gestuur het. Wie 'n profeet ontvang omdat hy 'n profeet is, sal 'n profeet se beloning ontvang; en wie 'n goeie mens ontvang omdat hy goed is, sal 'n goeie mens se beloning ontvang."* **(Matteus 10:40-41)**

God kan ons op 'n besondere manier ontmoet, en ons *behoort* meer tyd alleen saam met God in gebed en Bybelstudie te spandeer. Omdat daar deesdae baie misleiding in die kerk is, moet elkeen van ons die geskrewe Woord van God goed ken. Die Heilige Gees sal egter dikwels ook iets in jou lewe wil belê deur 'n godvresende man of vrou. Alhoewel meedeling nie die plek van ons persoonlike verhouding met die Here inneem nie, het Jesus wel gesê dat God ons sal "beloon" deur ons vermoë om van diegene te "ontvang" wat Hy stuur.

Daar is geen beperking op hoeveel ons gees van ander kan absorbeer nie. In my bestudering van verskeie materiaal wat ek van ander geestelike leiers ontvang, word ek bewus dat hierdie leiers leringe en mandate daarstel wat van God kom en wat besig is om ons wêreld te verander. God steun hierdie bedieninge en vloei daardeur om geestelike inhoud in ons lewens te, verleen. Wat 'n ontsagwekkende God dien ons wat mans en vrouens gebruik om Sy Gees en genade in ons te belê.

Die Bybel gee verskillende voorbeelde van meedeling: Elia en Elisa, Saul wat voor die profete profeteer en Jesus en Sy dissipels **(1 Konings; 1 Samuel 10:5-11; Johannes 14:12)**. Dink 'n bietjie na oor die opdrag van Josua. Josua het die Here voluit gevolg; hy het nie vir Moses nodig gehad om 'n ware verhouding met God te hê nie. Nogtans lees ons: *"Josua, seun van Nun het oor wysheid beskik, want Moses het sy hande op Josua gelê…"* **(Deuteronomium 34:9)** Die oplê van Moses se hande het die gees van wysheid aan Josua verleen. Josua het alreeds oor 'n persoonlike karakter beskik, maar nogtans gee God deur Moses se hande aan Josua 'n gees van wysheid. Josua het Moses ontvang in die naam van 'n profeet en het 'n profeet se erkenning ontvang. Josua het deur meedeling ontvang, en deur sy bediening het God groot geloof aan Israel verleen. Dink 'n bietjie na oor dit wat God aan Moses gesê het: *"Moedig hom aan, want dit is hy wat Israel die land in besit sal laat neem"* **(Deuteronomium 1:38)**.

Josua het nie net die Iraeliete gelei nie, hy sou *veroorsaak* dat hulle God se beloftes beërwe! Net soos wat my vriend se pa iets in sy lewe belê het wat hom tydelik laat faal het, so is daar mense wat God aan ons gegee het wie se geloof, voorbeeld, en aanmoediging "tot gevolg sal hê" dat ons suksesvol is. Daardie individu kan jou mentor, jou pastoor, of 'n leier in jou kerk wees. Hy mag 'n nasionale leier wees, wie se boodskap klaarblyklik presies op die regte tyd vir jou bedoel is. God het mense in jou lewe geplaas wie se invloed tot gevolg sal hê dat jy Sy beloftes sal inneem! Mag jy, deur die vashou aan die Here Jesus as jou Hoof, die gawe en krag van geestelike meedeling verstaan!

Getuienisse van Dissipelmakers

Vroeg in my lewe het ek as ‘n gelowige in Yeshua HaMashiach (Jesus die Messias), tot die oortuiging gekom van hoe belangrik die taak van disippel-making is. Na alles was dit immers die Here se finale opdrag aan Sy dissipels. In my groei as gelowige was daar verskeie mense wat my op verskillende vlakke dissipeleer het. Toe ek volwasse genoeg was om ander te dissipeleer, het ek genot daarin gevind om elke geleentheid aan te gryp om hulle te help groei en hulle in hul wandel met God te vestig.

Oor ‘n redelike tydperk het ek baie gelowiges op ‘n een-tot-een basis gedissipeleer, maar vir baie jare het dit gevoel of my benadering tot dissipelskap onordelik was. Dit was primêr omdat ek nie materiaal waarmee ek tevrede was, tot my beskikking gehad het om te gebruik nie.

‘n Paar jaar gelede is ek bekend gestel aan Die Visie vir Dissipelmaking / Dissipelering (*Gaan Heen en Maak Dissipels)* toe Reuven, Yanit, en twee ander ons gemeente besoek en die materiaal aangebied het. Ons het in klein groepe bymekaargekom, en ek was baie beïndruk en geseën, nie net deur die inhoud van die lesse self nie, maar deur die persoonlike en verhoudingsvlak waarop dit gekommunikeer kon word.

Na die voltooiing van die kursus, het ek die voorreg gehad om twee jong mans met die materiaal te dissipeleer en al die seëninge wat ek daaruit ontvang het, aan hulle oor te dra. Beide van hulle het erken dat daardie tien sessies ‘n ongelooflike impak gehad het wat hulle lewens verander het. Ek dank die Here dat Hy aan Reuven en Yanit die visie gegee het om die *Gaan Heen en Maak Dissipels* en later ook die *Die Maak van ‘n Dissipel* en *Die Leefstyl van ‘n Dissipel* te ontwikkel. Hierdie hele kursus is geskoei op **Matteus 5-7**.

A.B. Jerusalem, Israel

In Januarie 2002, het ek en my vrou ‘n klein groepie gelowiges begin dissipeleer wat hulle wortels in die Here dieper wou vestig. Met die gebruik van die *Gaan Heen en Maak Dissipels* handleiding, het ons elke Woensdagaand vir elf weke ontmoet. Ons aande het as volg verloop: na ‘n kort sessie van aanbidding het ons in twee groepe verdeel. Ek het die mans hanteer terwyl my vrou die dames onder haar vlerk geneem het. Binne hierdie groep is vertroue gebou, veral toe ons as leiers die leiding begin neem het deur openlik oor onsself te deel. Met behulp van die aanwysings in die boek, het ons meer van mekaar se stryd en oorwinnings in ons geestelike lewens te wete gekom. Omdat ek en my vrou nog nooit enige “gestruktureerde” dissipelskap ondervinding gehad het nie, het die handleidings ons baie gehelp.

Vanaf Julie 2002, het ons met dieselfde groep *Die Maak van ‘n Dissipel* deurgewerk. Teen Desember van dieselfde jaar het ons die hele boek voltooi! Gedurende die ses maande kursus is praktiese kwessies rondom verhoudinge, toewyding, gedragspatrone, en verskeie ander onderwerpe baie deursigtig in die groep behandel. Ek en my vrou het veranderinge in die lewens van ons vriende, veral ten opsigte van gesindhede binne die huwelik, begin opmerk. Een man het gedeel hoe hy woede oorwin het. In die damesgroep het ‘n vrou gedeel dat sy in hierdie tyd baie versterk was in haar verhouding met God en dit het haar in staat gestel om moeilike tye saam met haar man deur te werk.

Onnodig om te sê, ek en my vrou het ‘n intenser hegtheid met mekaar ervaar terwyl ons die pad van dissipelering met ander geloop het.

I. B.O., Singapore

‘n Groep van sewe vrouens in die Modi’in area, naby Jerusalem, het verskeie maande saam spandeer om *Die Maak van ‘n Dissipel* te bestudeer. Ons was verstom om te sien hoe die Here hierdie “bekende” Skrifgedeelte gebruik het om nuwe openbarings en oortuigings te gee, maar ook hoe Hy ons ook herhaaldelik uitgedaag het om hierdie Woord in ons daaglikse lewens toe te pas. Ons het weereens die vreugde en waarde besef om die weeklikse Skrifgedeeltes te memoriseer. Ons verhoudings wat rondom die studie gedraai het, was ryklik geseën. Kortom, ons wil meer hê van dit wat God vir ons in gedagte het, en ons beplan om Reuven en Yanit se boek, *Die Leefstyl van ‘n Dissipel,* ook deur te werk!

E. S., Modi’in, Israel

“Kom hier! Kom saam met My, en Ek sal julle vissers van mense maak”, **(Matteus 4:19)** was die Woord wat ‘n impak op my gehad het toe ek ‘n volgeling van Jesus geword het. Ek het so pas die wonderlike nuus gehoor van Jesus wat Sy lewe opgeoffer het sodat ek lewe mag hê. Deel van my proses om ‘n “visser van mense” te word, was dat ek gedissipeleer is deur ‘n diakones wie se Bybelstudie ek bygewoon het. Deur tyd met haar in ‘n kerkomgewing en in sosiale opsette te spandeer, het ek uit haar voorbeeld baie geleer oor gedrag. Sy het my geleer om die Woord van God lief te hê en te vertrou, en sy het my leiding gegee rondom vas, gebed, tiendes, en om ander lief te hê. Deur haar bediening was die Heilige Gees in staat om die begrip van Jesus se opdrag om “dissipels te maak”, in my in te prent. Ek moes eers self ‘n dissipel van Hom wees, en terwyl ek aanhoudend deur Hom na Sy beeld getransformeer word, is ek in staat om Sy lewe in ander te reproduseer.

J. A., Witbank, Suid Afrika

Ek is al ‘n gelowige vir 30 jaar, maar ek was “per ongeluk” gedissipeleer. Hiermee bedoel ek dat my dissipeleringsproses nooit ‘n doelbewuste, aaneenlopende, karakter-bou ondervinding saam met ‘n ander gelowige wat ek respekteer het, was nie. Toe ek bekend gestel is aan Reuven en Yanit se “Visie vir Dissipelskap”-reeks, het dit vir my op ‘n paradigmaskuif uitgeloop. Ek het begin sê: “Dit is so belangrik vir Jesus. Hoe kon ek dit gemis het?” My lewe en bediening is permanent verander deur hierdie fokus op strategiese dissipelering, en ek beveel hierdie material hoog aan.

P. T., Haifa, Israel

Ek het al baie keer gewonder waarom sekere gelowiges saam met God in oorwinning stap en waarom ander sukkel. Ek het al bevraagteken waarom sekere mense God toets en sê “dit werk nie” vir hulle nie. Waarom is dit dat sommige gelowiges groei na geestelike volwassenheid, en ander nie? Ek is nou daarvan oortuig dat dit die gebrek aan ware dissipelskap in die kerk is. Nadat ek ‘n klas deurloop het waar die *Gaan Heen en Maak Dissipels* handleiding behandel is, het ek werklik die visie van dissipelering gesnap. Sedertdien het ek ander dissipeleer met die Rosse se materiaal, en het dit uiters belonend gevind. Dit lyk asof dit op een of ander manier al die groot areas van ‘n persoon se lewe aanspreek.

Indien ‘n onderwyser al die praatwerk in ‘n Bybelstudie doen, weet hy/sy nooit wat die studente verstaan of toepas nie. Ek het gevind dat die Heilige Gees in klein dissipelgroepe die gapings in ‘n persoon se geestelike lewe aan my (die leier) en aan die student uitwys.

Na die erkenning van daardie gapings en toepassing van die Woord op sy/haar eie lewe, beweeg die student nader aan volwassenheid en heiligheid. Dit is baie belangrik dat die klasse klein gehou word sodat elkeen die geleentheid kan kry om te deel en om deeglik gementor te word.

Jy kan verskeie kere vir iemand bid of hom/haar beraad, maar slegs wanneer daar vrae gestel word en dit beantwoord en bespreek word, kan jy agterkom waar hy/sy dit langs die pad "gemis" het. Ek verwys gereeld hierna as die lê van die fondasiestene, soos wat ons in **Hebreërs 6:1-3** lees. Namate ons op 'n nuwe fondasie begin bou, kan die vorige een dalk verkrummel of onstabiel raak. Gewoonlik vind ons dat daar iewers in iemand se geestelike fondasie iets nie korrek vasgelê is nie. Soos wat elke les bestudeer word, word die gapings gevul en as gevolg hiervan is die studente meer toegerus om sterk in Jesus te staan, geestelik in volwassenheid te groei, en word hulle meer verander na Sy beeld. Deur hierdie groeiproses is hulle meer bekwaam om hulle bestemming wat God in gedagte het, te vervul.

Ek het soveel wonderlike tye gehad in die aanbieding van hierdie klasse, dat ek ervarings van elke hoofstuk in elke boek wat die Rosse geskryf het, kan neerskryf. Ek glo dat elke gelowige, ongeag hoe lank hulle die Here ken, die visie van dissipelering sy eie moet maak. Dit is na alles tog die Groot Opdrag wat die Here Self aan ons gegee het.

B. J. S., Maryland, USA

As die leier van 'n dissipelgroep, is dit vir my 'n voorreg om my vriende vanuit die hart te hoor praat oor die Here of oor sekere kwessies in die lewe wat ons as Christene beïnvloed. Die stryd om by Skriftuurlike toepassings uit te kom, is beide uitdagend sowel as inspirerend; ons vind dat ons mekaar nodig het om te verstaan wat elkeen van ons beleef en om verantwoordbaar teenoor mekaar te staan.

Die dissipelskapmateriaal van die Rosse is ryk aan spesifieke insig in Joodse aktiwiteite of sienswyses wat die oorspronklike konteks van woorde en gebeure in die Skrif vorm. Dit gee 'n dieper en volledige begrip wat maklik in my eie lewe toegepas kan word. Om te besef dat Jesus ons Hoëpriester is en om te verstaan wat Sy dood en opstanding alles vir ons inhou, het my oë oopgemaak vir die baie areas van vryheid wat Hy aan ons gegee het. Ek verstaan ook die rol wat my "wag op Hom" speel in my bediening aan ander as Sy priester.

Om deur die saligsprekinge te werk, het beklemtoon hoeveel hoër Sy weë en gedagtes eintlik as myne is. In die verplasing van my selfvertroue in Hom, het ek nie net bewus geword van Sy Woord wat my reinig nie, maar ook duidelike uitdagings rondom my ego, my gedagtes, en my optrede teenoor ander. Dit het my ontsaglik baie gehelp ten opsigte van vergifnis, belydenis, en genade teenoor 'n spesifieke broer met wie ek ernstige verskille gehad het. Hy het op sy beurt, my ook weer met groot genade hanteer. Met die liefde van God wat ons in staat stel om mekaar te eer, het ons die praktiese toepassing van een van die geheueverse ervaar. **Johannes 13:34, 35** sê: *"Ek gee julle 'n nuwe gebod: julle moet mekaar liefhê. Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê. As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is."* Ag, as ander maar net deur ons gehelp kan word om met God versoen te word!

J. L., Worthing, Engeland

Verskillende reaksies en opmerkings ten opsigte van die 10-weke Dissipelskapkursus, *"Gaan Heen en Maak Dissipels,"* in 'n kerk in Switzerland:

- 'n Broer van 'n buurgemeente wat ons kerk 18 maande gelede besoek het, het met trane in sy oë gesê: "Na 40 jaar in die geloof, het ek deur die Dissipelskapkursus ontdek dat die Heilige Gees 'n *Persoon* is wat daarna verlang om 'n verhouding met my te hê!"

- Talle het genoem hoe die dissipelskapkursus hulle honger vir die Woord van God laat toeneem, en tot gevolg het dat hulle verlang om tyd in die Here se teenwoordigheid deur te bring.

- As eerste groep wat die kursus in die kerk deurloop het, het die ouderlinge van die gemeente die belangrikheid besef om meer saam te bid. Sedertdien het elke ouderlingsbyeenkoms begin met 'n uur gebedstyd! En weet jy wat? Administrasie word vinniger afgehandel en ons sluit ons aande nie later as voorheen af nie. Soms is ons selfs vroeër klaar!!

- Tieners wie se ouers deelgeneem het aan die dissipelskapkursus, het die resultate in hul ouers se lewens raakgesien en het daarom gevra om self ook gedissipeleer te word! Ons hoop om met ten minste twee tienergroepe teen die herfs van 2003 af te skop!

- Verskeie mense wat hierdie kursus begin het, het nou besluit om geregistreerde lidmate van die gemeente te word; twee het gevra om gedoop te word, en baie is definitief meer getrou om die gebedstye by te woon.

S. & A. E., Echallens, Switzerland

Wat om te Verwag

Om ‘n dissipelskapprogram in jou gemeente te begin, kan ‘n groot uitdaging wees, maar die impak daarvan maak dit die moeite werd! Dissipelskap het altyd ‘n wonderlike groei tot gevolg in byna almal wat deel daarvan is (die uitsonderings is gewoonlik diegene wat nie gewillig is om te verander nie!). Sommige gemeentes mag dalk die behoefte voel om selgroepe of ekstra seminare vir ‘n tydperk opsy te skuif ten einde ‘n strategie vir dissipelskap te inkorporeer. Alhoewel elke area van kerkbediening ‘n spesifieke funksie vervul, moet direkte dissipelering van ander *altyd* tot ‘n mate deel van ons kerklewe vorm. Alle aktiwiteite wat Jesus verhoog en ander nader aan Hom trek, is ‘n vorm van dissipelskap, maar niks kan die goeie oud-modiese Bybelstudie, memorisering van Skrifgedeeltes, en gebed van manne en vroue in kleingroepe vervang nie!

Met ons betrokkenheid by Messiaanse gemeentes en plaaslike kerke, het ons die geweldige voordele gesien waar dissipelskap geïnkorporeer is. Ons het egter ook die aanval van die vyand ervaar op hierdie noodsaaklike bediening, asook op diegene wat ander dissipeleer. Waar dissipelskap met oop arms verwelkom en onderrig word, word die kerk ‘n werklike bedreiging vir die vyand. Ten einde jou voor te berei vir beide die negatiewe en positiewe, het ons ‘n lys saamgestel van sommige voordele en teenreaksies wat ons op ons pad teëgekom het. Om voor te berei vir die vyand se teenreaksies en om onnodige geestelike aanvalle te vermy, wil ons ten sterkste aanbeveel dat jy jou persoonlike en korporatiewe intersessietye vermeerder en daarop fokus om te bid vir diegene wat betrokke is by dissipelering, asook vir jou gemeente in die algemeen!

Die Positiewe Voordele van Dissipelmaking/Dissipelering

- Diegene wat gedissipeleer word, ontwikkel ‘n groter passie vir die verlorenes, toenemende honger vir die Woord en ‘n sterker begeerte om te bid en die Here te aanbid.

- Verhoudings verdiep namate vertroue ontwikkel binne die dissipelskap groepe. Die openlike, kwesbare “deel met mekaar” (*“sharing”)* skep intieme verhoudings waar mense vir mekaar omgee.

- Kommunikasievaardighede verbeter en gemeentelede groei in hulle begrip en aanvaarding van mekaar.

- Algemene gemeenskapslewe word gebou en eenheid word bevorder (veral as mense onenigheid en beskadigde verhoudings déúrpraat).

- Diep, persoonlike kwessies duik op en word deur gebed en berading hanteer. Mense oorwin sonde en kom tot ‘n vergelyk as gevolg hiervan, en hulle word bevry van skuld en moedeloosheid.

- Innerlike genesing vind dikwels plaas wanneer mense met seer van die verlede deel en vertroud raak met die liefde van God die Vader.

- Dissipels word gevestig in die Woord van God en is in staat om self daarop te staan. Namate hulle gegrond word in die Woord, is hulle minder geneig om terug te val, te skei, of met sonde ‘n kompromie aan te gaan. Hulle is ook meer geneig om deur moeilikhede of beproewinge steeds te volhard.

- Heiligheid en geestelike volwassenheid neem toe in die lewens van dissipels! Hulle word meer diens-georiënteerd en konsentreer op ander, eerder as om selfgesentreerd te wees.

- Diegene wat nog nie vooraf in enige spesifieke bedieningsarea uitgeblink het nie, tree skielik na vore as toegeruste diensknegte en/of leiers. Hulle begin om hul vermoë om te onderrig, effektief te bid, te beraad, of as dienskneg te dien, te openbaar.

- Geestelike leiers verskyn!

Moontlike Terugslae van die Vyand as gevolg van Dissipelmaking /Dissipelering

- Jou eerste probleem gaan wees om 'n geskikte tyd te vind wat almal in die dissipelgroep geval. As die vyand suksesvol hierin is, sal die groep nooit bymekaar kom nie en die spesiale afspraak met God misloop!

- Weekliks geskeduleerde groeptye word beïnvloed of gekanselleer deur siektes of onvoorsiene omstandighede.

- Twis steek kop uit binne die families wat betrokke is by dissipelering.

- Die groepleier mag dalk sukkel met moedeloosheid en kan abstrakte gevoelens beleef om nie te onderrig of persoonlik binne die groep te deel nie.

- Mense vind dit dikwels moeilik om die Skrifgedeeltes te memoriseer, en hulle dink maklik aan verskonings om dit nie te memoriseer nie.

- Verskillende aanvalle van siekte, onderlinge verhoudingsverskille, familieprobleme, en beserings verhoog.

- Dinge wat in die pad van dissipelering staan, steek skielik kop uit; dinge soos byvoorbeeld nuwe verhoudings vir enkellopendes of nuwe werksgeleenthede. Ons het selfs gehoor van 'n dame wat 'n werksaanbieding oorsee gekry het toe sy op die punt staan om leiding te begin neem in 'n dissipelskapgroep.

- Rekenaarprobleme kan skielik opduik! Ons en ander in hierdie bediening het al menige sisteemoppakkery (*system crashes),* vriesings, en talle drukkerprobleme ervaar wat nooit voorheen voorgekom het nie. _____

Dit is wys om vooraf 'n tyd van gebed te hê teen al hierdie aanvanklike aanvalle en om daarna ook mekaar en die groepleier vir die duur van die dissipelslkapkursus *("tot die einde van tyd")* met gebed toe te vou! Almal van ons moet betrokke raak in geestelike oorlogvoering en alle teëspoed oorwin ten einde die opdragte van Jesus te gehoorsaam!

Vrae en Antwoorde

Vir byna meer as ‘n dekade is talle vrae aan ons gevra. In hierdie hoofstuk sal ons poog om die mees algemene vrae te beantwoord.

(1) Wat is die verskil tussen ‘n selgroep en ‘n dissipelskapgroep? Die twee tipe groepe vervul verskillende behoeftes in die Liggaam van die Messias. Ons het albei nodig! Die selgroep bied gewoonlik vervullende gemeenskap (*fellowship)*, groepsgebed en aanbiddingstye, en ‘n sekere mate van Skriftuurlike insette. Dit kan ook ‘n gereelde ete insluit. Die selgroep bou eenheid oor ouderdom- en geslagsgrense heen, en tussen mense van verskeie vlakke van geestelike volwassenheid. Dit bied ‘n atmosfeer waar gelowiges bymekaar kan kom vir sosiale interaksie en waar besoekers ook welkom en gemaklik kan voel. Die selgroep bied ‘n uitstekende geleentheid vir evangelisasie.

‘n Dissipelskapgroep het basies twee doelwitte: persoonlike transformasie na die beeld van Jesus en die reprodusering van Sy lewe in ander. Die dissipelskapgroep is die effektiefste wanneer dit gelykslagtig is (mans saam met mans en dames saam met dames). Dit is gewoonlik beperk tot 5-6 mense per groep en daardie groep is “geslote”. Besoekers is nie welkom nie. Die dissipelskapmateriaal dwing jou om kwessies in die gesig te staar en om God se Woord op gereelde basis in jou lewe toe te pas sodat effektiewe verandering kan plaasvind. Hierdie groep is nie bedoel vir ongelowiges nie, maar vir volgelinge van Jesus wat Sy toegewyde dissipels wil word. Ons *het* egter al van dissipelskapmateriaal gehoor wat in ‘n huisopset met ongelowiges gebruik is sodat enige vrae wat hulle mag hê, beantwoord kan word en hulle nader aan ‘n oorgawe aan Jesus kan beweeg.

(2) Waarom skei jy die mans van die vrouens sodat die groep eenslagtig bly? Ons het gevind dat mense baie openliker deel in ‘n groep wat van dieselfde geslag is. Hierdie openhartige manier van deel met mekaar (*“sharing”)* vind selde plaas binne ‘n gemengde groep. Baie areas van sonde of mishandeling waaroor mense skaam is om te praat en wat diep weggesteek word, word in dieselfdegeslag opset openlik gedeel. Dit is nie vreemd om diep genesing in die area van die siel raak te sien nadat openlike belydenis plaasgevind het en dit opgevolg is deur gebed nie **(Jakobus 5:16)**.

(3) Wat is die verskil tussen die lei van ‘n dissipelgroep en die lei van ‘n Bybelstudie? Die dissipelgroep is meer interaktief, en dit sluit ook memoriseerwerk, Bybelstudie-oefeninge om tuis te doen en gefokusde gebedsbediening in. Die dissipelgroepleier is eerder ‘n fasiliteerder as ‘n onderwyser gedurende die bymekaarkomtye. ‘n Dissipelskapgroep sluit persoonlike mededeling (*“sharing)* en verantwoordbaarheid in, wat bydra dat almal meer soos Christus word.

(4) Wat is ‘n redelike tydsduur vir elke klas? Om al die aspekte van ‘n dissipelskapklas te dek (persoonlike meedeling (“*sharing”)*, memorisering, onderrig, en gebed) stel ons twee ure voor vir ‘n groep van vier studente met een leier. Vir enige addisionele student, kan 30 minute by die twee ure getel word (bv. vir ‘n groep van ses studente met een onderwyser, moet ‘n 3 uur lange klas beplan word). Ons weet van een Russies-sprekende klas wat na ‘n 2 uur-lange sessie van onderrig en meedeling, ten minste nog ‘n verdere 2 ure in persoonlike gebed vir mekaar deurbring! Daardie groep van 5 (insluitend die leier) het weekliks 4-5 ure in mekaar se geselskap deurgebring en het gevolglik baie vinnig gegroei in baie aspekte van ‘n Geesgeleide bediening.

Reuven het groepe van 10-12 mans hanteer, en omdat hy die groep halveer wanneer hulle die oefening met mekaar deel, kan hy die klas binne 3 ure afhandel.

(5) Wat is die doel van die memoriseringswerk? Elke vers wat gememoriseer word, gee aan die Heilige Gees ‘n leisel oor die lewe van daardie gelowige. Dit is waardevolle stuk gereedskap tydens gebed, intersessie, geestelike oorlogvoering en wanneer jy oor jou geloof getuig. Dit bewaar jou teen versoeking: (**Psalm 119:11)** *“Aan U beloftes hou ek vas, dit weerhou my van sonde teen U.”*

(6) Hoeveel tyd neem die huiswerk in beslag? Dit kan binne 1-2 ure gedoen word, of dit kan selfs langer neem indien jy ekstra studie doen oor vrae wat uit die studie gegenereer word. Daar was al studente wat tot ses ure aan die huiswerk spandeer het omdat hulle die studie en tyd saam met die Here so baie geniet het! Die memorisering van Skrifte neem ook baie tyd in beslag; sommige mense doen dit vir 30 minute ononderbroke, terwyl ander verkies om elke dag ‘n stukkie te memoriseer.

(7) Moet 'n tyd van sang ingesluit wees in die dissipelskapklas? Nie noodwendig nie. Hierdie is 'n spesiale byeenkoms waar die lede met mekaar deel, waar Bybelonderrig plaasvind en waar hulle mekaar bedien. Dit is nie 'n "aanbiddingsdiens" nie, alhoewel jy tog gelei mag voel om soms met 'n lied voor te gaan.

(8) Moet jy die gawe hê of opgelei wees as 'n leier of onderwyser om iemand te dissipeleer? Nee, dit is die wonder van dissipelering. *Enige* volwasse gelowige kan dit doen, en elke verantwoordelike gelowige is *veronderstel* om dit te doen! Ons het almal die opdrag ontvang om dissipels te maak! Dit help as ons maniere soek om ander te dissipeleer wat uniek by ons albei aanpas. Iemand wat die gawe het om leiding te neem of lering te gee, mag dit maklik vind om 'n gestruktureerde klas te lei, terwyl ander sal verkies om op 'n een-tot-een basis te mentor.

(9) Hoe moet ek die groepleiers kies wanneer ek dissipelskap aan die gemeente bekendstel? Kies diegene wat tot 'n mate die gawe het om te onderrig en om 'n groep te fasiliteer. Maak seker dat dit mense is wat tyd tot hulle beskikking het en nie oorweldig is met 'n klomp ander verantwoordelikhede nie! Hulle moet ook geestelik volwasse wees deur die lewe van Jesus in hulle woorde en aksies te reflekteer; hulle behoort 'n leefstyl van dissipelskap te modeleer en nie net 'n lesing gee oor dissipelskap nie.

(10) Sal jy voorstel dat iemand jou handleidings gebruik vir nuwe gelowiges? Nee, die materiaal is meer geskik vir gelowiges wat die Here reeds ken, maar wat nog nie self dissipels is nie; of vir enigiemand wat nog nie iemand anders in die geloof gedissipeleer het nie. Jonger *en* ouer gelowiges het van ons *"Bergpredikasie reeks"* gebruik gemaak, maar dit is dalk meer geskik vir ouer gelowiges wat die Woord tot 'n sekere mate ken, maar wat nog mank gaan aan die toepassing daarvan in hulle eie gesindhede en lewens.

In die meeste Westerse lande is daar Christen boekwinkels wat dissipelskap materiaal vir nuwe gelowiges aanhou. Daar is ook 'n aantal bedieninge of kerkdenominasies wat materiaal vir nuwe gelowiges ontwikkel het en wat dit aan ander beskikbaar stel om sinvol te gebruik.

(11) Is jou dissipelskaphandleidings geskik vir tieners? Ja, veral as die onderwysers die materiaal kan aanpas om dit meer toepaslik te maak vir diegene wat onderrig word. Sommige vrae wat meer nadenke en volwassenheid verg, is moeilik vir jonger mense en kan deur die leier aangepas word. Ons materiaal is al gebruik om jeug in Israel, Switzerland, Singapoer, die VSA, en moontlik ook in ander lande, te onderrig.

(12) Is hierdie handleidings geskik vir kinders? Nie tensy hulle aansienlik aangepas word nie! Dit is aan die hand gedoen dat ons hierdie boeke vir kinders moet aanpas, maar ons beskik nie oor die spesiale gawe om vir kinders te skryf nie. Ons voel dat dit 'n werk vir iemand anders is. (**Skryf asseblief aan ons indien jy belangstel!**)

(13) Wat is die beste: om gelowiges een-een te dissipeleer of in klein groepe? Beide het meriete en voordele. Sommige nuwe gelowiges verg individuele aandag en tyd aangesien hulle baie vrae, behoeftes, en probleme het. Hulle kom ook uit verskillende agtergronde, daarom bied die bepaling van behoeftes en die tipe vrae wat binne 'n groep gevra word, 'n groot uitdaging indien die leier kwaliteit onderrigtyd wil spandeer. Wanneer 'n gelowige reeds vir 'n jaar of wat 'n pad saam met die Here loop en reeds persoonlike dissipelskap ontvang het, is dit wys om hom of haar in 'n kleingroep te plaas. Die groep bied die voordeel van uitgebreide verhoudingsbou, die aanhoor van ander se vrae en antwoorde, die aanhoor van Bybelse insig van groeplede, die aanleer van luistervaardighede en die in ag neming van ander.

(14) Kan 'n selgroep julle dissipelskapmateriaal suksesvol gebruik? Ja, tot 'n sekere mate. Ons het 'n aantal kerke gesien wat dissipelering strategies in hulle selbediening geïntegreer het. Aangesien die eerste deel van 'n dissipelgroepbyeenkoms gewoonlik gewy word aan die deurwerk van die weeklikse huiswerk, verdeel die selgroep in verskeie kamers van die huis vir daardie een uur segment. Daarna kom hulle almal saam om die weeklikse onderrig te ontvang. Die nadeel van hierdie reëling is die beperkte persoonlike bediening wat plaasvind. Deur hardop te bid of om 'n persoonlike gebedsversoek te deel wat verband hou met die onderrig, kan moeilik wees in 'n groot groep of een van gemengde geslag.

(15) Kan hierdie materiaal onderrig word in die Sondagskooluur? Kan die vrae en antwoorde een week gedoen word en die les die daaropvolgende week? Alhoewel hierdie na 'n werkbare plan klink, maak die baie beperkings ten opsigte van beskikbare tyd, spasie en privaatheid, dit baie moeilik. Die meeste groepe beleef die diepste meedeling (*"sharing")* en bedieningstye wanneer daar geen tydbeperkings is nie en waar daar absolute privaatheid is. Daar is ook geen sekerheid dat **almal** *elke keer* sal opdaag nie, want baie mense beskou Sondagskool as 'n opsionele aktiwiteit. Daar is ook die probleem om die groep klein en geslote te hou, aangesien baie kerke nie oor voldoende klaskamers beskik waar 'n paar klein groepies en die gewone Sondagskoolklasse tegelykertyd aangebied kan word nie.

(16) Stel jy voor dat verversings gedurende die dissipelgroep bedien word? Meestal bedien ons net water. Alhoewel baie Christelike byeenkomste kos insluit, voel ons dat dit maar gerus agterweë kan bly in die dissipelgroepbyeenkoms. Ons vind dat daar meer gefokus word op die Woord en die Here wanneer daar minder klem op die maag is! Ons bedien egter gedurende die wintermaande warm drankies.

(17) Wat daarvan om eerder vir almal 'n leiershandleiding te gee, as 'n studentehandleiding? Dit is 'n goeie idee wanneer jou groep uit talentvolle onderwysers of volwasse gelowiges bestaan, veral as hulle ernstig is om die materiaal aan te bied nadat hulle dit self deurgewerk het. Die formaat kan verander word namate behoeftes opduik. Hulle kan byvoorbeeld die lesse vooruit lees en dan beurte maak om dit aan te bied, of hulle kan mede-aanbieders wees tydens die onderrigsessie.

Nog 'n idee is om jou eie raamwerk vir die studente saam te stel wat hulle kan gebruik terwyl jy onderrig. Hulle kan oop spasies invul of frases neerskryf. Jou raamwerk sal hulle help om die werk in hulle gedagtes te organiseer en dit makliker te onthou. Dit wil voorkom of die meeste mense visuele leerders is, daarom sal enigiets wat jy as 'n hulpmiddel kan gebruik, voordelig vir die leerproses wees.

(18) Kan 'n onderwyser/leier meer as een groep lei? Ja, indien hy of sy voldoende tyd tot beskikking het om aan voorbereiding, gebed, en pastorale sorg in daardie groepe te spandeer. Daar was tye waar ons elkeen drie groepe gelei het (maar ons het nie in 'n ander betrekking gestaan of kinders grootgemaak nie). Om 'n kwaliteit werk onder die leiding van die Heilige Gees te doen, moet jy seker maak dat jy nie meer aanpak as wat jy kan hanteer nie. As dit egter 'n bediening is waartoe die Here jou geroep het en jy kan kwaliteit tyd daaraan spandeer, wil ons jou aanmoedig om soveel mense as wat jy kan, te dissipeleer!